## AFDELING A: KORTVERHALE

## VRAAG 1: *FEESMAAL* – EA Swanepoel

## VERHAAL A: "DIE KRISMISBOKKIE" – Audrey Blignault

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (Op) Heuningrug | 1 |
| 1.2 | Tant Sofie | 1 |
| 1.3 | • Kleinboet was lief vir diere.<br>• Kleinboet wou graag diere aanhou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4 | 'n vergelyking | 1 |
| 1.5.1 | C/... het die verantwoordelikheid geleer om vir 'n diertjie te sorg. | 1 |
| 1.5.2 | D/... het die bokkie vernoem. | 1 |
| 1.5.3 | A/... het nie rede gehad om oor die bokkie in die tuin te kla nie. | 1 |
| 1.5.4 | E/... wou van hartseer oor die bokkie nie kerk toe gaan nie. | 1 |
| 1.6 | (Rietman het die meeste van) **(afgevalle) roosblare** (gehou). | 1 |
| 1.7.1 | gelukkig | 1 |
| 1.7.2 | nie in die gewone Kersfeesdinge belanggestel nie. | 1 |
| 1.8 | C/lekker met die bokkie gespeel het. | 1 |
| 1.9 | • Almal op die dorp het oral na Rietman gesoek.<br>• Die gesin het blomme vir die Kerstafel in die tuin gepluk.<br>• Amanda het Rietman langs die denneboom sien staan.<br>• Pappie het verduidelik dat die bokkie wat dood is, 'n wilde duikertjie was.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.10.1 | • Rietman was nie dood soos wat almal gedink het nie.<br>• Rietman het op Kersdag teruggekom.<br>• Die gesin het gedink dit was 'n wonderwerk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10.2 | • Pappie het die bokkie vir Kleinboet gegee omdat hy geweet het hoe lief hy vir diere is.<br>• Kleinboet het eerste vir Pappie vertel dat sy bok dood is/troos by Pappie gesoek.<br>• Kleinboet se hart was baie seer oor sy bokkie se dood.<br>• Kleinboet was nog jonk en het troos nodig gehad.<br>• Dit sou Kleinboet gehelp het as Pappie mooi met hom gepraat het/hom getroos het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.11 | Dit ...<br>• laat die leser verstaan in watter soort omgewing die bokkie gelewe het.<br>• wys dat Rietman nie 'n probleem was nie, want hy het nie die tuin verniel nie.<br>• beklemtoon hoe groot/mooi die tuin was.<br>• wys Mammie se liefde vir haar tuin.<br>• wys hoekom die bokkie maklik in die groot tuin kon verdwyn/ wegkruip.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | Ek sou ...<br>• gegil/geskree het van blydskap.<br>• dadelik vir Kleinboet/almal geroep het.<br>• Rietman nader geroep het/nader aan Rietman gegaan het.<br>• ook net stilgestaan en gekyk het, sodat Rietman nie dalk skrik en weghardloop nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "TWEE GESIGTE" – Elise Muller**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | 'n week (voor die tyd) | 1 |
| 1.14.1 | 14/veertien | 1 |
| 1.14.2 | wasgoed | 1 |
| 1.14.3 | perdjie(s) | 1 |
| 1.14.4 | 50/vyftig | 1 |
| 1.15 | • Sy het takies vir haar ma gedoen/'n rekening vir haar ma gaan betaal/vereffen.<br>• Sy het vir haar pa geld gevra./Haar pa het vir haar geld gegee.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br><br>1 |
| 1.16 | Haar pa is dood/oorlede. | 1 |
| 1.17.1 | E/... sou die mallemeule vir die eerste keer ervaar. | 1 |
| 1.17.2 | C/... het Rinatjie bang gepraat oor die mallemeule. | 1 |
| 1.17.3 | A/... sou nie toelaat dat te veel geld uitgegee word nie. | 1 |
| 1.17.4 | D/... het nie baie simpatie met ander mense gehad nie. | 1 |
| 1.18 | C/gedink het Katrien se opinie nie belangrik is nie. | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.19.1 | hulpvaardig | 1 |
| 1.19.2 | onregverdig | 1 |
| 1.20 | • Rinatjie was geskok oor die kaartjiesverkoper se optrede teenoor Katrien.<br>• Rinatjie was geskok oor Rosa se houding teenoor Katrien.<br>• Rinatjie het gesien hoe iets moois en lekkers hartseer vir iemand anders gebring het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.21 | • Dit was gevaarlik./Hy het Katrien se lewe in gevaar gestel.<br>• Sy kon seergekry het/het seergekry/haar knieë nerfaf geval.<br>• Sy het hard geval.<br>• Hy het haar voor ander mense verneder.<br>• As volwassene moes hy verantwoordelik opgetree het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | • Katrien kon toe 'n rit ry.<br>• Katrien het besef dat daar mense is wat omgee vir ander.<br>• Rinatjie het gewys dat sy vir ander omgee.<br>• Dit het Katrien getroos/beter laat voel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | Rinatjie se pa het ...<br>• haar nie bederf nie.<br>• haar geleer om nie geld te mors nie.<br>• die besluit gemaak nadat hy die saak goed oorweeg het.<br>• gedoen wat hy gedink het die beste vir sy jong dogter was.<br>• Rinatjie die kans gegee, maar binne perke.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | Ek het geleer dat 'n mens ...<br>• nie ander mense moet verneder nie.<br>• regverdig teenoor almal moet wees.<br>• almal dieselfde/met respek moet behandel.<br>• nie jou posisie moet misbruik nie.<br>• nie ander mense ongelukkig moet maak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.23 | • Die **titel** sê vir ons/beteken dat ...<br>○ perde die krag het om mense te help/te genees/gesond te maak. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>• In die **slot** lees ons dat ...<br>○ dit wel so in die storie gebeur het.<br>○ die perde se krag wel (die) mense/karakters gehelp het.<br>○ die mense en diere saam in harmonie met mekaar was.<br>○ die mense/karakters se probleme opgelos is/dat hulle gesond geword het/dat hulle lewens beter is.<br>○ Lucky met Kaizer praat en dit lyk asof Kaizer hom help om diere te respekteer. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(<u>Let wel</u>: Die vraag dui aan dat kandidate na die betekenis van die titel en die slot moet verwys. Indien 'n kandidaat nie daarin slaag om 'n duidelike verband te lê nie en net by die een aspek uitkom, is dit 1 punt werd.)* | 2 |

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou